**VISIE**:

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION**:

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# 2021: JAAR VAN VOORTGESETTE VRUGTEVOLLE VENNOOTSKAPPE!

## NOTULE VAN DIE VIRTUELE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 27 JULIE 2021 OM 14:00 VANAF, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE VIERDE MUNISIPALE RAAD**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdl. M Wessels | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. J Daniels | [DA] | | |
| Rdl. A Small (Me) | [DA] | | |
| Rdl. AA van Wyk | [DA] | | |
| Rdl. SR Swartz | [DA] | | |
| Rdd. SIJ Smit | [ANC] | | |
| Rdl. SS Lesch (Me) | [ANC] | | |
| Rdl. IS Adams | [ANC] | | *(sluit om 14:28 aan)* |
| Rdl. D de Bruin | [ANC] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mev. N Bothma | : | Direkteur Finansiële Dienste (waarnemend) |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. AC Koch | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mev. J Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mev. JM Rosenberg | : | Senior Tikster |

***

**AKSIE**

**RVN001/07/2021**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Munisipale Bestuurder verwelkom almal by die vergadering en meld dat die Speaker skriftelik verskoning gemaak het op 21 Julie 2021, as gevolg van die nakoming van ‘n mediese afspraak.

In terme van die Ordereëls vir die Hou van Vergaderings, aanvaar die Raad die skriftelike verskoning van die Speaker voorgestel deur Raadsdame Crafford en gesekondeer deur Raadslid Du Plooy.

Die Prosedure wat geld vir die verkiesing van ‘n tydelike Speaker word deur die Munisipale Bestuurder toegelig en hanteer.

Die Munisipale Bestuurder meld dat sy nominasies ontvang het ingevolge artikel 36 van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998).

Nominasie vir tydelike Speaker: Raadslid Wessels

Die nominasie is voorgestel en gesekondeer deur Raadsheer Van Rooy en Raadslid Du Plooy.

Geen teenvoorstel is ontvang nie.

Die Munisipale Bestuurder verklaar dat Raadslid Wessels tot tydelike Speaker vir die Raadsvergadering verkies is en oorhandig aan hom.

Raadslid Du Plooy open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal verwelkom by die vergadering.

***

**RVN002/07/2021**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Raadsheer A de Vries – afwesig met verskoning *(afspraak by dokter)*
Raadslid I Adams – afspraak by dokter *(sal later inskakel)*
Direkteur Finansiële Dienste - vakansieverlof

***

**RVN003/07/2021**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**RVN004/07/2021**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 22 JUNIE 2021**
**3/3/2/2**

Die Voorsitter hou die notule voor vir goedkeuring.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer. Die Direkteur Tegniese Dienste meld dat die tabel, soos bespreek in die vergadering van Dinsdag 22 Junie 2021, nie in die korrekte volgorde was nie en was die tabel se volgorde gewysig tydens die proeflees proses.

***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)***

**BESLUIT**

Dat die notule van die vorige vergadering soos gehou op Dinsdag 22 Junie 2021, 'n juiste weergawe moet wees van die vergadering soos gehou en dat die notule soos volg reggestel word om dit te weerspieël:

***RVN010/06/2021***
***EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: MIG 9/1/2***
*Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item breedvoerig in en hou die aanbevelings voor aan die Raad vir goedkeuring.*

***The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council***

***RESOLUTION***

*That the undermentioned MIG projects be approved in the Municipal Budget of **2021/2022 and 2022/2023** by Council.*

***2021/2022 MIG Projects**:*

- *PV Upgrading of Roads* — *R 3 904 032*
- *PB Netball Courts* — *R 3 500 000*
- *PB Sidewalks* — *R 1 333 762*
- *VD St Christopher Sewer* — *R 560 892*
- *RH WWTW* — *R 3 000 000*
- *AUR WWTW* — *R 2 300 000*
- *PMU* — *R 768 350*

***R 15 367 000***

***2022/2023 MIG Projects**:*

- *PMU*
- *EK Sidewalks (lowcost)*
- *VD Sidewalks (lowcost)*
- *AUR Sidewalks (lowcost)*
- *RH Sidewalks (lowcost)*
- *PB Sidewalks*
- *PV Sidewalks*
- *PB Reservoir*

*R 800 850*
*R 2 000 000*
*R 3 000 000*
*R 1 000 000*
*R 1 000 000*
*R 2 000 000*
*R 2 000 000*
*R 4 216 150*
***R 16 017 000***

***SENIOR TIKSTER***
***(JM ROSENBERG)***

***

**RVN005/07/2021**
**<u>IMPLEMENTERINGSVERSLAE VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 22 JUNIE 2021</u>**
**3/3/2/2**
***(Die verslag, soos apart elektronies versprei, word ter tafel gelê – Bylae A)***

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslag van die Raadsvergadering, soos gehou op Dinsdag 22 Junie 2021.

***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)***

***

**RVN006/07/2021**
**<u>EERSTE SAAK VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE: DINSDAG 22 JUNIE 2021: RVN010: EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: MIG</u>**
**3/3/2/2**
***(Die gewysigde besluit word visueel voorgelê – Bylae B)***

Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item breedvoerig in.

Hy lig die Raad in dat die gewysigde besluit soos volg lees.

**<u>The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLUTION</u>**

That the undermentioned MIG projects be approved in the Municipal Budget of **2021/2022 and 2022/2023** by Council.

***2021/2022 MIG Projects**:*

- *St Christopher Sewer — R 544 055*
- *PV Upgrading of Roads — R 3 904 032*
- *RED Sidewalks (Low Cost) — R 1 000 000*
- *PV Sidewalks (Low Cost) — R 1 500 000*
- *VD Sidewalks (Low Cost) — R 1 500 000*
- *PB Sidewalks (Low Cost) — R 3 000 000*
- *EK Sidewalks (Low Cost) — R 2 000 000*
- *AUR Sidewalks (Low Cost) — R 1 000 000*
- *PMU — <u>R 756 700</u>*

***<u>R15 134 000</u>***

***2022/2023 MIG Projects**:*

- *PB Netball Courts — R 3 500 000*
- *RH Wastewater Treatment Works — R 3 000 000*
- *AUR Wastewater Treatment Works — R 2 300 000*
- *PB Reservoir — R 5 444 150*
- *VD Sidewalks — R 1 500 000*
- *PMU — <u>R 800 850</u>*

***<u>R16 545 000</u>***

***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)***

***

**RVN007/07/2021**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER, UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings:

**LEED**

1. Dat Raadsdame S Smit se skoonsuster oorlede is;
2. Dat mnr. E Manuel, oud Uitvoerende Burgemeester van Bergrivier Munisipaliteit se suster, oorlede is;
3. Dat mnr. D Wiid, oud Uitvoerende Burgemeester van Velddrif Munisipaliteit, oorlede is;
4. Dat mnr. I Saunders se neef oorlede is; en
5. Dat mnr. A Mazibu se broer oorlede is.

Hy wens die bedroefde families sterkte toe wat hul geliefdes in hierdie tyd aan die dood moes afstaan.

Die Uitvoerende Burgemeester lig die Raad in dat 'n poging van inbraak in Piketberg gelei het tot 'n skietvoorval met noodlottige beserings op Dinsdag 27 Julie 2021.

**LIEF**

1. Dat die Direkteur Finansiële Dienste vandag, Dinsdag 27 Julie 2021 verjaar;
2. Dat die Strategiese Beampte van die Uitvoerende Burgemeester, mev. T Wessels Vrydag 30 Julie 2021, verjaar;
3. Dat Raadslid Daniels op Donderdag 05 Augustus 2021 verjaar; en
4. Dat Raadslid A Small op Vrydag 06 Augustus 2021 verjaar.

Hy wens hulle baie geluk en voorspoed toe met hul nuwe lewensjaar.

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

1. Dat die Direkteur Finansiële Dienste vandag verjaar, Dinsdag 27 Julie 2021 en wens hom baie geluk en voorspoed toe; en
2. Die Munisipale Bestuurder lig kortliks 'n paar gedeeltes uit in die verslag, soos ontvang vanaf die Departement van Gesondheid met betrekking tot die Inenting statistieke.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN008/07/2021**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN009/07/2021**
**<u>MOSIES / VRAE</u>**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**RVN010/07/2021**
**<u>EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: KLEINBOERE</u>**
**9/1/2**
***(Die verslag, soos apart elektronies versprei, word ter tafel gelê – Bylae C)***

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die item terugverwys word na die Staande Komitee van Korporatiewe Dienste, soos geskeduleer vir Augustus 2021 vir verdere bespreking.

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***

**RVN011/07/2021**
**<u>TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: SKENKING VAN GED. 46, GROOT 83m$^2$, GEDEELTE VAN DIE PLAAS RIETFONTEIN NR.184, PIKETBERG, AAN BERGRIVIER MUNISIPALITEIT</u>**
**9/1/2**
***(Die verslag, soos apart elektronies versprei, word ter tafel gelê – Bylae D)***

Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item breedvoerig in en hou die aanbevelings voor aan die Raad vir goedkeuring.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die skenking van Gedeelte 46 (gedeelte van Gedeelte 27) van die Plaas Rietfontein Nr. 184, Piketberg, Groot 83m$^2$, deur die plaas Org de Rac aan Bergrivier Munisipaliteit aanvaar word met die voorwaarde dat die koste deur die munisipaliteit gedra word en dat ‘n gemeterde wateraansluiting na die plaas Org de Rac voorsien word.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**RVN012/07/2021**
**<u>TECHNICAL DEPARTMENT: FLEET MANAGEMENT: AMENDMENT OF APPROVED ORGANOGRAM</u>**
**4/1/1/2**

Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item kortliks in.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die item terugverwys word na die Staande Komitee van Tegniese Dienste, soos geskeduleer vir Augustus 2021 vir verdere bespreking.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**RVN013/07/2021**
**VERHURING VAN MUNISIPALE GROND: 'N GEDEELTE VAN ERF 1002 PORTERVILLE MEENTGROND**
**PTV 1002; 7/2/3/2**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

Raadsdame Smit versoek dat die item as 'n geheel bespreek word.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die item terugverwys word na die Staande Komitee van Korporatiewe Dienste, soos geskeduleer vir Augustus 2021 vir verdere bespreking.

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***

**RVN014/07/2021**
**PERFORMANCE BONUS OF MR MARIUS WüST FOR THE 2019/20 FINANCIAL YEAR**

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTION**

That Council approves the payment of a 14 % performance bonus to Mr Marius Wüst for the period 01 July 2019 – 31 August 2019.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**RVN015/07/2021**
**APPLICATIONS FOR ASSISTANCE RECEIVED BY OUR COMMUNITY IRO THEIR MUNICIPAL ACCOUNTS**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die item terugverwys word na die Staande Komitee van Finansiële Dienste, soos geskeduleer vir Augustus 2021 vir bespreking.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**RVN016/07/2021**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: MAY 2021**
**5/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item breedvoerig in.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTION**

That Council note the monthly budget statement and supporting documentation for May 2021.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN017/07/2021**
**<u>MAANDVERSLAG: UITGAWES EN VOORSIENINGSKANAALBESTUUR: MEI 2021</u>**
**5/1/B, 5/1/1**
***('n Gewysigde verslag word ter tafel gelê – Bylae E)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item breedvoerig in.

**<u>The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLUTIONS</u>**

1. That Council take note of the May 2021 Supply Chain Management Implementation report and that it be made public in accordance with Section 21A of the Municipal Systems Act; and

2. That Council take note that a total of R1 470.49 expenditure incurred during the month of May 2021 to prevent the spread of COVID-19 and to aid in humanitarian relief during the period of lockdown level 1.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN018/07/2021**
**<u>VLOEIDIAGRAM VIR DIE DEPARTEMENT INKOMSTE</u>**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item breedvoerig in.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die Raad kennis neem van die departement inkomste se proses, soos voorgestel in die vloeidiagram aangeheg tot die verslag.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**RVN019/07/2021**
**<u>2019/20 ANNUAL REPORT SUBMITTED IN TERMS OF SECTION 129 OF THE LOCAL GOVERNMENT: MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003): CORRECTED VERSION</u>**
**9/1/1**

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.

Raadsdame Crafford bedank almal wat betrokke was by die samestelling en afhandeling van die Jaarverslag 2019/20.

**<u>The undermentioned resolution was taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLUTION</u>**

That Council takes note of the updated version of the 2019/20 Annual Report.

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

***

**RVN020/07/2021**
**2020/21 QUARTERLY BUDGET AND PERFORMANCE REPORT FOR QUARTER 4: 1 APRIL – 30 JUNE 2021 SUBMITTED IN TERMS OF SECTION 52(d) OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003)**
**4/7/6; 5/1/1**

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.

Raadsdame Crafford lig 2 foute uit in die verslag wat reggestel moet word en versoek dat 'n gewysigde verslag aan die Raadslede versprei word na afloop van die vergadering.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**

**RESOLUTIONS**

1. That the quarterly performance report for Quarter 4 (1 April - 30 June 2021) be noted;
2. That this report be read in conjunction with the Quarterly Budget Report which is submitted to Council in terms of Section 52(d) of the Municipal Finance Management Act, Act 56 of 2003; and
3. That it be noted that all information and figures contained in this report are provisional and may change pending the finalization of the Annual Financial Statements at the end of August 2021.

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

***

**RVN021/07/2021**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DONDERDAG 13 MEI 2021**
**3/2/1/3**

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se vergadering gehou op Donderdag 13 Mei 2021, soos voorgelê.

***

**RVN022/07/2021**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DINSDAG 25 MEI 2021**
**3/2/1/3**

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se vergadering gehou op Dinsdag 25 Mei 2021, soos voorgelê.

***

**RVN023/07/2021**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

***Die vergadering verdaag om 14:47 en die Amptenare verlaat die vergadering, waarna die Raad die vergadering In-Komitee voortsit.***

**RVN024/07/2021**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD: KLAGTE ONTVANG VIA DIE KANTOOR VAN DIE PROVINSIALE LUR VIR PLAASLIKE REGERING**
**3/2/1/3**

**BESLUIT**

1. Dat die Raad kennis neem van die verslag deur die Uitvoerende Burgemeester;
2. Dat geen verdere stappe deur die Raad oorweeg word nie; en
3. Dat die Uitvoerende Burgemeester terugvoer gee aan die Kantoor van die LUR vir Plaaslike Regering.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**RVN025/07/2021**
**IN-KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD**
**3/2/1/3**

Geen

***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 14:47*

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________ ______________________
***VOORSITTER*** ***DATUM***